Boodskap van ons hoof



Mnr. Johan Roothman

Met Kerstyd is daar liefde in die lug. Dit is 'n tyd vir liefde. En dié liefde kom in baie gestaltes: dit kom as welwillendheid en vriendelikheid, dikwels so afwesig die res van die jaar. Dit kom as omgee en meedeelsaamheid, offervaardigheid - van bydraes vir Kersfondse tot geskenke aan wie nie het nie. As tyd-maak en familie. As ontspanne saam-wees met vriende. As 'n soort sentimentele stemming by die aanhoor van sergange dae se Kersliedere in ons huise en op straat. As 'n gevoel wat in ons hart inkruip en ons instem op die atmosfeer van die Kerseisoen. En dit is goed. Dit is wonderbaar. Dit hoort so. Dit maak die wêreld 'n beter plek. Kerstyd bring liefde in die lug.
Ons wens u toe 'n Gesëende Kersfees en 'n Voorspoedige 2010!

Gerry Holtzhausen

Boodskap van ons BL-Voorsitter

Soos Vader Tyd dit bepaal, het die einde van 2009 ons skielik ingehaal. Vir my persoonlik, en ek glo ook vir die ander nuwe BL-lede, was die vuurdoop ingrypend. Die hoeveelheid dokumente, verskeidenheid aspekte en die totale spektrum waarmee skole en beheerliggame hulleself deesdae moet besighou, het my werklik verstom. Dus het die eerste ses maande in 'n oogwink verbygeflits. Ek kan slegs met lof getuig van die GROOT werk wat die Hoof en sy Personeel, nou saam met 'n nuwe bestuurspan van die ouers se kant, verrig. Alhoewel ons as nuwe BL nog eintlik "ons voete vind", moes ons saas 'n klein pasgebore bakkie baie vinnig opkom en hardloop. Die proses is vergemaklik deur die baie goeie en gesonde basis wat die vorige BL agtergelaat het - baie dankie aan julle - en die insette en leiding vanaf die Hoof en die BL-lede vanuit die skool se kant. Ek wil julle almal bedank vir julle geduld met ons, en vir julle hulp en ondersteuning. Baie dankie aan my mede-BL-lede vir julle harde werk en ondersteuning. Ek het, en kan, op julle staatmaak, en dit maak 'n Voorsitter se werk 'n plesier.
Dankie ook aan die baie ouers wat positief en konstruktief insette en ondersteuning verskaf. Ons verwelkom ook kritiek; dit hou ons op koers en nederig. Die spreekwoord lui - "When the going gets tough, the tough gets going." Die huidige resessie, en ander makro-en-mikroprobleme in die ekonomie, stel groot uitdagings aan die skool en die BL vir die volgende paar jaar. Hierdie spreekwoord sal dus ons leuse moet raak, om ons te sta. Geniet u vakansie, en rustyd oor Desember met u families en vriende. Mag die herdenking van Christus se geboorte u opnuut inspireer om Hom in u lewe te ervaar, eer en dien. Reis veilig; ek sien u almal graag in 2010. Dit gaan 'n interessante jaar met hope vreugde wees; altyd tot voordeel van ons kinders! Vissiegroete.

Res van die Beheerliggaam